

generasie JONG S.A.



Kenners glo vandag se jongmense is die produk van 'n nuwe Suid-Afrika met sy liberale grondwet en groter toegang tot internasionale neigings. Hoe lyk en dink hierdie nuwe generasie Afrikaners en wat is vir hulle belangrik?

artikel | HELEN UECKERMANN

foto | SHUTTERSTOCK

"Die probleem met die jeug is dat hulle vandag al alles wil hê wat net môre hulle kan gee."

As jy self nie meer onder die jeug gereken word nie, sal jy dalk saamstem met hierdie aanhaling deur die Amerikaanse predikant en akademikus W.T Purkiser.

Is die een geslag nie maar altyd agterdochtig oor die volgende nie? Ja, sê kenners, tog wil dit voorkom of 'n groot groep van vandag se jonges nie net haastig is om sukses te behaal nie, maar boonop meen dat hulle outomaties geregtig is op sekere voorregte en 'n bepaalde leefstyl; veel meer

as die generasies wat hulle voorafgegaan het.

eng waardes ontgroeï

Nuwe navorsing toon dat die Afrikaanse jeug meer plesierig is oor nie net geld en sukses nie, maar dat hulle ook veel vryer dink oor sake soos godsdiens en seks.

Jan van der Merwe, doktorsale student in antropologie aan die Universiteit van die Vrystaat, het in sy navorsing bevind dat die Suid-Afrika ná apartheid, met sy liberale grondwet en groter toegang tot internasionale neigings, ongetwyfeld daartoe bydra dat jong Suid-Afrikaners meer vrydenkend raak wat betref moraliteit en waardeoordele.

Volgens Jan beseft en erken Afrikaners toenemend dat hulle nie 'n homogene groep is (of ooit was) nie. Ekonomiese welvaart en materiële sukses, en nie meer 'n Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing nie, het die oorheersende prioriteit geword, met 'n gepaardgaande mentaliteit en individuele ingesteldheid van "elkeen vir homself" wat aangehang word. As dit by seks kom, is dit persoonlike behoeftes en praktiese reëls wat waardes bepaal.

"Jong Afrikaners is besig om hul voorvaders se eng, konserwatiewe Christelike waardes en norme te ontgroeï," meen Jan. "Die vraag is wie en wat bepaal nou wat goed en reg is, of wat deugsam is."

materialisties

Die jong Afrikaanse mense met wie sy daagliks in haar spreekkamer in aanraking kom, is geen uitsondering nie, sê dr. Cecile Gericke, kliniese sielkundige van Johannesburg.

"Hulle aanvaar eenvoudig dat voorspoed hulle toekom. Dit beteken egter nie noodwendig dat hulle dink hulle moet hard werk daarvoor nie. Hulle is geneig om baie materi-

alisties te wees. Ek dink byvoorbeeld aan een Afrikaanse kind wat in my spreekkamer aan haar ma gevra het: 'Hoekom wou jy kinders hê as jy nie eens vir my 'n kar wil koop nie?' Daar word sommer net aanvaar dat die ouers moet uitdeel," vertel Cecile.

"Ek het ook al te doen gehad met vroulike universiteitstudente wat deur hul kêrels gelos is omdat hulle nie wou instem tot seks nie. Hulle was dan nie "fun girls" nie. Vandag is seks 'n vanselfsprekende bestanddeel van 'n vaste verhouding, hoewel 'n los en vas rondslapery onaanvaarbaar bly," sê sy.

Pat Pillay, e-TV-nuusleser en stigter van Life College, waar jong Suid-Afrikaners uit voorheen bena-

die meeste gesels word deur haar generasie.

"Almal wil die selfstandigheid en sekerheid hê dat hulle voort kan gaan met die tipe leefstyl waarmee hulle grootgeword het. Ek sal jok as ek moet sê dat dit nie een van my prioriteite is nie, maar tog is dit nie die begin en die einde van my beplanning nie. Dit gaan ook daaroor dat jy iets bereik het in die lewe en dat jy iets aan jouself kon bewys as net oor die hoeveelheid geld wat daarmee gepaard gaan."

Cara Rust (18), 'n eerstejaardramastudent aan die Universiteit van Stellenbosch, meen geld is nie so belangrik nie.

"Dit maak nie saak hoe baie geld

"Vandag se jeug is meer ingestel op 'n vryer leefstyl wat gefokus is op genot bo enigiets anders."

deelde gemeenskappe lewensvaardighede en entrepreneurskap geleer word, sê dit is ook nie net onder die Afrikaanse jeug dat materiële sukses hoog geag word nie.

"Ekonomiese sukses impliseer 'n sin vir produktiwiteit en 'n uitruil van waarde en billike vergoeding. Daar is inderdaad wel jongmense wat aangetrokke voel tot só 'n konstruktiewe proses. Ongelukkig is daar baie wat persoonlike ekonomiese voorspoed sien as 'n reg wat hulle toekom, maar nie die harde werk wat nodig is om dit te behaal as deel van die plan beskou nie," sê hy.

Maar genoeg van kenners. Wat sê die jonges self? Vyf jong Afrikaners het hul menings met TG gedeel:

wil leefstyl handhaaf

Lynette Strydom (23), nagraadse onderwysstudent aan die Universiteit van Pretoria, sê ekonomiese sekerheid is seker die ding waaroor

ek eendag gaan maak nie, solank ek gelukkig is in myself en tevrede is met hoe my lewe verloop het. Dit help nie ek sit met 'n werk waarin ek ongelukkig is nie. Materiële geluk bring jou nêrens. My hoofprioriteit is om 'n sukses van my loopbaan te maak – nie ten opsigte van geld nie, maar om my beste te gee en voluit te leef."

Jan-George de Lange (20), 'n derdejaar B.Mus.-student aan die Universiteit van die Witwatersrand, meen dat dit meer as geld verg om 'n bevredigende lewe te lei, maar dat dit wel belangrik is om genoeg geld te maak om gerieflik te kan leef.

"Vir my is die belangrikste om sukses te behaal in 'n loopbaan wat ek geniet en om 'n gesonde gesinslewe te lei."

Charné Potgieter (16), in graad 11 aan die Hoërskool Monument in Krugersdorp, meen materiële sukses is beslis belangrik omdat 'n mens >>



later in jou lewe behoorlik na jousef en jou gesin moet kan omsien, terwyl die sestienjarige Rikus Lotriet, 'n graad 11-leerder van die Hoërskool Linden in Johannesburg, sê dat “daar baie dinge is wat geld nie kan koop nie wat ook belangrik is”.

glo eerder aan niks

Charné stem saam dat baie jong Suid-Afrikaners die konserwatiewe,

dat dit 'n teenoorgestelde uitwerking het.

“Ek glo die lewe gaan glad nie daaroor nie, maar meer oor jou as persoon – hoe jy ontwikkel, watter wysheid jy opdoen en saam met watter mense jy jou lewe deurbring. 'n Mens moet meer fokus op dit wat die lewe regtig betekenis gee,” sê Cara.

“Vandag se jeug is meer ingestel

soek na sin

Geleenthede vir drank, seks en dwelms kom daagliks oor 'n tiener se pad, sê Charné en Rikus. “Ek dink dit is 'n persoonlike keuse of jy daaraan wil deelneem of nie. Persoonlik vermy ek al drie,” sê Charné, terwyl Rikus bekommerd is dat soveel kinders jonger as hy reeds daarby betrokke is. “Ons almal weet van kinders wat dit doen.”

Cara meen dit is jou eie keuse of jy drank, dwelms en seks deel van jou lewe wil maak. “Nie jou ouers of voogde s'n nie. Dit hang van elke persoon se eie morele waardes af. Ek dink daar word te veel gefokus op die slegte wat die jeug doen en vergeet van die positiewe.

“Die wêreld is so obsessief oor die feit dat die jeug die land se toekoms bepaal en wil hê ons almal moet ‘engeltjies’ wees. Meeste jongmense dink in elk geval nie eers oor wat hulle doen nie, maar soek net 'n manier om te ‘ontsnap’.”

Jan-George sê drank is lekker terwyl jy drink, maar nie altyd so lekker 'n uur later nie. “Dwelms is net eenvoudig onnosel. Seks is iets waaroor elke mens vir homself moet besluit. Solank jy net onthou dat as die gevolge van jou besluit die betekenis daarvan afbreek, het jy 'n dom besluit geneem.”

Cecile meen dat vandag se jonges meer opwinding in die lewe soek en nie net meer tevrede is daarmee om te studeer en met 'n loopbaan te begin nie. “Hulle is soekend en is bereid om baie te waag in dié soektog na sin in die lewe. Hulle is nie bang om te laat gaan en te doen wat hulle dink reg is nie.”

Dalk is dit soos nog 'n Amerikaner, die skrywer en digter John Jay Chapman, oor die jeug gesê het: “Elke generasie is 'n geheime gemeenskap met sy eie onoordraagbare passies, smake en belangstellings wat 'n misterie bly vir hul voorgangers sowel as dié wat na hulle kom.” >>tg

“Jong Afrikaners is besig om hul voorvaders se eng, konserwatiewe Christelike waardes en norme te ontgroeï.”

Christelike waardes ontgroeï het.

“Ek sien dit in baie tieners rondom my. Hulle sê reguit hulle verkies eerder om in niks te glo nie. Dit is net makliker. Ek het al vir hulle gevra hoekom hulle dit so verkies en die antwoord is dat daar minder druk en minder eise is om aan te voldoen.

“Maar hierdie kinders wat kies om in niks te glo nie, is ook altyd onder die eerstes wat 'n beskuldigende vinger wys na jong Christene wat Christelike riglyne oortree. Ek dink dit bewys vir hulle op 'n manier dat hulle reg is, dat dit net te moeilik, selfs onmoontlik is, om volgens daardie riglyne te leef,” sê sy.

Cara meen daar is 'n verskil tussen konserwatiewe optrede en geloof.

“Talle jongmense is sterk Christene, maar is nietemin betrokke by dwelms, drank en seks. Ek is honderd persent oortuig daarvan dat die konserwatiewe leefstyl in praktyk heeltemal verdwyn het weens blootstelling en vryheid. Ek dink die jeug word grootgemaak met die idee dat sukses afhang van kennis, status en geld. Daar is hopeloos te veel druk om die jeug konstant te verbeter met die gevolg

op 'n vryer leefstyl wat gefokus is op genot bo enigiets anders,” sê Jan-George.

“'n Mens kan dit sien by die meeste partytjies, waar driekwart van die studente of senior hoërskoolleerders binne 'n paar uur te dronk is om hul skoene vas te maak.

“Ek dink baie weet nie wat om te glo nie, baie sê hulle glo omdat dit is hoe hul ouerhuise en opvoedingsinstansies hulle geleer het en dis al hoekom. Baie is eenvoudig agnosties. Ander sê weer hulle glo, maar neem wel hul godsdienste met 'n knippie sout en probeer maar net 'n basiese morele lewe leef. Die minderheid voel sterk oor hul geloof.

“Ek self voel my geloof is tussen my en God, en probeer self 'n morele leefstyl volg,” sê Jan-George.

Volgens Lynette wil sy aan die een kant saamstem dat die jeug hul Christelike beginsels verloor het. “Aan die ander kant sien 'n mens meer en meer jeugdige wat na God toe terugkeer of vir 'n eerste keer meer na Hom begin gryp. Dit is wel waar dat die jeug nie wil terugkeer na die rigiede tradisionele manier van godsdienste nie, maar hul harte is in sommige gevalle meer ontvanklik vir sy Woord,” sê Lynette.